## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: KOERANTBERIG

Lees die koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**DIE MEISIE WAT WEIER OM OP TE GEE**

1 **Tienerheld gereed vir *varsity* terwyl sy sedert geboorte teen 'n lewensgevaarlike siekte baklei.**

2 Met haar geboorte, het Teniel Smit se ma gebid dat sy net tot Kersfees gespaar moet word sodat sy op hierdie spesiale dag een foto van haar en haar babadogtertjie kan neem.

3 Teniel is met 'n lewensgevaarlike siekte, sistiese fibrose, ('n longsiekte) gebore en dokters het vir haar ma gesê dat sy nie ouer as ses maande sal word nie. Buiten die siekte is sy ook met 'n obstruksie na haar maag gebore wat dit vir haar moeilik maak om te eet. Slegs 10% van sistiese fibrose lyers word hiermee gebore. Die pediater wat toevallig dié aand aan diens was, dr. Gebers, is 'n spesialis op sistiese fibrose en kon Teniel dadelik diagnoseer. Daar is slegs 1 dokter wat gevind kon word wat bereid was om op haar te opereer. Na 18 jaar het dié tiener nie net oorleef nie, maar sy blink uit op baie gebiede. "Die twee dokters was regtig engele wat gestuur is en Teniel het bewys dat sy 'n regte vegtertjie is!" sê Alta, Teniel se ma.



Teniel op pad skool toe met haar suurstofmasker aan.

4 Die pyn en lyding wat Teniel deur die jare moes deurgaan, kan nie beskryf word nie. Sy was allergies vir medikasie en sy was kort-kort doodsiek in die hospitaal. Op die ouderdom van drie het engele aan Teniel verskyn en sy het toe geweet sy kan enige iets oorwin. Van toe af kom engele in al haar prentjies wat sy teken voor.

5 Haar ma sê ook dat mens nie met Teniel wil baklei nie, want sy baklei elke dag om te lewe.

6 Sy het pas haar matriek by Hoërskool Kaap Recife geskryf waar sy ook hoofdogter was. Sy moes tydens haar finale eksamen voltyds haar suurstoftenk (*oxygen tank*) gebruik. Teniel, wat vir haar vakke A's en B's kry, kan ook maklik van die verhoog af in beide Afrikaans en Engels praat. Volgens haar het die skool haar baie ondersteun; sy kon selfs 'n deel van haar gr 11-eksamen in die hospitaal skryf. Haar wiskunde onderwyser, mev. Theron, het ook gedurende die derde kwartaal in haar matriekjaar hospitaal toe gegaan om daar vir haar klas te gee. Sy was slegs, weens haar siekte, 3 vol dae gedurende dié kwartaal by die skool.



Teniel in die eksamenlokaal met haar suurstoftenk langs die bank.

Kopiereg voorbehou 

LIVEWORKSHEETS

7 Sy is dié tipe kind wat elke dag ten volle leef en dinge voluit doen. Haar geloof en haar vriende wat haar in alles ondersteun, maak die lewe vir haar die moeite werd. Daar is dae wat sy bid om net deur die dag te kom en ander dae wat sy bid dat sy net deur elke minuut van die dag kan kom.

8 Teniel blom as sy van die nuwe hoofstuk in haar lewe, universiteit, praat. Maar die pad was nie maklik nie. Volgens Alta was die pad baie moeilik wat net met geloof en wonderwerke (*miracles*) geloop kon word.

9 Teniel wil volgende jaar Logistiek by NMU gaan studeer en sy dink baie prakties oor haar toekoms. Wanneer sy later bedlêend is en nie meer werk toe kan gaan nie, sal sy dan steeds van die huis kan werk. Al is sy bedlêend, moet sy steeds kan werk om vir haarself finansieel te sorg. Vir so 'n jong mens om oop en eerlik oor die dood te gesels breek 'n mens se hart. En dit is moeilik om na haar te kyk en te dink dat so 'n lewendige kind die dood as deel van die lewe aanvaar.



**Teniel en Alta tydens die onderhoud.**

10 Die lewensverwagting vir 'n persoon met sistiese fibrose is ongeveer 42 jaar, maar ten spyte daarvan wil sy nie sit en wag om dood te gaan nie. Sy het met joga begin wat haar kalm maak en haar leer om haar emosies beter te kan hanteer. Dit laat haar ook fisies sterker voel.

11 Ma en dogter bid elke dag saam vir krag en genade. Alta sê dat Teniel se storie nie een van lyding is nie, maar dit moet eerder 'n storie van hoop, deursettingsvermoë, liefde en wonderwerke vir andere wees.

[Vertaal en aangepas uit *Weekend Post*, Saterdag, 28 Desember 2019.]



NS: Teniel het haar graad 12 met vyf onderskeidings geslaag. Op die foto links ontvang sy die *'Premier's Award for the highest achievement in LSEN, Cluster B'* van die premier in die Oos-Kaap, mnr. O. Mabuyani.

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Aan watter soort siekte ly Teniel? (1)

1.2 Waarna verwys die woord *varsity* in paragraaf 1? Gee slegs EEN woord uit die teks as jou antwoord uit paragraaf 8. (1)

1.3 Hoekom wou Teniel se ma gehad het sy moes tot haar eerste Kersfees leef? (1)

1.4 Hoekom was dr. Gebers die regte persoon om Teniel met haar siekte te help? (1)



LIVEWORKSHEETS

1.5 Hoekom sê Teniel se ma dat die twee dokters engele was? (1)

1.6 Teniel teken prentjies en engele omdat die twee dokters haar gered het.

Haal 'n deel van 'n sin aan wat die stelling ONWAAR bewys. (1)

1.7 Hoekom noem Teniel se ma haar 'n *vegtertjie*? (paragraaf 3) (1)

1.8 Watter TWEE prestasies het Teniel toe sy op hoërskool was, behaal? (2)

1.9 Hoekom dink jy moes Teniel met 'n suurstoftenk eksamen skryf? (1)

1.10 Noem DRIE maniere hoe die skool Teniel ondersteun het. (3)

1.11 Wat beteken dit dat Teniel ***blom***? (Paragraaf 8)
Skryf slegs die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

A Sy het blomme in die hospitaal gekry.
B Sy is opgewonde oor haar toekoms.
C Sy plant blomme vir haar toekoms. (1)
D Haar pad was nie maklik nie.

1.12 Wat maak die lewe vir Teniel die moeite werd? Noem TWEE dinge. (2)

1.13 Hoekom is dit goed vir Teniel dat sy logistiek studeer? (1)

1.14 Hoekom, dink jy, aanvaar Teniel dat die dood deel van die lewe is? (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs jou keuse as die antwoord neer.

Teniel se storie is een van (lyding/hoop). (1)

1.16 Watter bewys is daar dat Teniel nie sit en wag om dood te gaan nie? (1)

1.17 Kies die korrekte antwoord uit KOLOM B wat by 'n woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.17.1–1.17.3) neer, byvoorbeeld 1.17.4 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.17.1 | Lewensverwagting | A | Drie dae teenwoordig |
| 1.17.2 | Derde kwartaal | B | Ses maande |
| 1.17.3 | Dokters se voorspellings | C | 42 jaar |
| | | D | 10 persent |


(3 x 1) (3)

1.18 Hoe pas die titel by die teks? (1)

Kopiereg voorbehou 


LIVEWORKSHEETS

**TEKS B**




[Aangepas en vertaal uit www.grafika24.com.]

1.19 Watter toepassings ('apps') is die gewildste? (1)

1.20 Hoekom is dit funksioneel om 'n  by kommentaar te gebruik? (1)

1.21 Gee EEN Afrikaanse woord uit die teks wat beteken dat hierdie studie nie net in Suid-Afrika gedoen is nie. (1)

1.22 Watter persentasie mense lees nuus op hulle selfone? (1)

1.23 Watter persentasie mense dra geld van een rekening na 'n ander oor? (1)

1.24 Watter persentasie van die tegnologiese generasie gebruik eerder hulle selfone as om televisie te kyk? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



LIVEWORKSHEETS

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke oor **DIE MOETS EN MOENIES VAN SELFIE-ETIKET** in jou EIE VOLSINNE neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **korrekte** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**MOETS EN MOENIES VAN SELFIE-ETIKET**

Daar is niks fout daarmee om 'n selfie te neem nie, solank jy die mense om jou in ag neem. As jy wonder of jou selfie reg en goed is om op sosiale media aan almal te wys, dink aan die volgende wenke:

As jy saam met iemand anders in die foto is, moet jy altyd eers die ander persoon se toestemming vra voor jy dit op enige sosiale netwerk plaas; selfs as jy dit op WhatsApp wil deel. Indien die foto jou lewe of gesondheid in gevaar sit, moet jy dit eerder nie doen nie. Jy moet altyd onthou dat jou veiligheid eerste kom. Voor jy 'n selfie van iets of van iemand neem wat vir jou persoonlik snaaks is, dink eers of dit iemand se reputasie kan seermaak.

Dit is nie reg om 'n selfie by 'n begrafnis of in die intensiewe-sorgeenheid (*ICU*) in 'n hospitaal te neem nie. Jy moet beslis respek in sensitiewe situasies toon. Wanneer jy ooit deel van 'n ongelukstoneel is of by 'n ongeluk betrokke is, moet nooit 'n selfie neem nie. Dit pas glad nie dat jy hier selfies neem nie; gaan help eerder.

Almal is nie geïnteresseerd in intieme foto's van jou en jou spesiale vriend of vriendin nie. Moet dit nooit op sosiale media deel nie. Elke oomblik van jou lewe – en dit wat jy eet – hoef nie op sosiale media geadverteer te word nie. Moet dit daarom nie oordoen om 'n selfiedagboek te maak en dit met almal te deel nie.

[Aangepas uit https://bit.ly/39fQQrE.]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



LIVEWORKSHEETS

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

### TEKS D: ADVERTENSIE






LIVEWORKSHEETS

3.1 Voeg die korrekte skryfteken by die gedeelte tussen hakies in.

Daar is uitstallers vir (**4 x 4s**). (1)

3.2 VERBIND die WOORD tussen hakies.

Daar is vervoermiddels vir (**avontuur + reise**). (1)

3.3 Gee die meervoud van die WOORD tussen hakies.

Jy kry klere vir alle (**sportsoort**). (1)

3.4 Skryf die getal tussen hakies in woorde uit.

Daar is (**100**) naweek-wegbreke om gewen te word. (1)

3.5 Skryf die afkorting voluit.

Opwindinde items soos 4x4-roetes, kleiduifskiet, (**ens.**) sal lesers se aandag trek. (1)

3.6 Watter woord word deur die aandagstrepie hieronder vervang?

Daar sal ook 'n Bier**-** en Siderfees wees. (1)

3.7 Hoekom word die uitstalling se naam, ***Outdoor Adventure***, in Engels geskryf? (1)

3.8 Hoe versterk die prentjies die advertensie? (1)

3.9 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Hierdie (buitemuurse uitstalling/buitenshuise uitstalling) is vir mense wat van avontuur hou. (1)

3.10 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

**[10]**



LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E: STROKIESPRENT




[Verwerk en aangepas uit *Rapport*, 18 Januarie 2015]

4.1 Hoekom dink jy is handboeke beter as tablette? (1)

4.2 Hoe weet jy dat die kinders bly oor die handboeke is? (1)

4.3 4.3.1 Word die woorde ***Eskom: donker jare wag*** letterlik of figuurlik gebruik? (1)

4.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.3.1. (1)

4.4 **Herskryf die volgende sin na 'n algemene vraagsin.**

*Die skoolhandboek is beurtkrag-bestand.* (1)



LIVEWORKSHEETS

4.5 Hoekom brand die straatligte nie en hoekom is daar nie ligte in die huise nie? (1)

4.6 Kies die regte woord. Skryf slegs die vraagnommer en die woord as jou antwoord neer.

Dit is (fantasties/sjarmant) dat daar in hierdie situasie nog skoolhandboeke is. (1)

4.7 Verdeel die woord ***skoolhandboek*** in lettergrepe. (1)

4.8 Verbeter die spelfout in die volgende sin. Skryf slegs die korrekte woord as antwoord neer.

Handboeke is maklikker om te gebruik. (1)

4.9 Gebruik die woord ***virus*** as 'n homoniem in 'n volsin sodat die betekenis duidelik is. (1)

**[10]**



LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

### TEKS F

**SKETS VAN MEISIE LEI TOT AFSPRAAK: "SY'S SELFS MOOIER AS OP FOTO'S"**

1. Ons hoor min van blinde afsprake wat uitwerk, maar daar is tog (elke dag) stories van sukses.
2. Die meisie wat hy geteken het, is "(mooi) in die regte lewe as op foto's".
3. Só sê Pieter van der Merwe (25) nadat hy en Jozanne Maritz (21) verlede Woensdag op hul (een) afspraak in Stellenbosch was.
4. Daar het hulle heerlike vars (bak) brood geëet en Mochaccino gedrink.
5. (Pieter het Jozanne se foto op Instagram gesien) en vir hom was dit liefde met die eerste oogopslag.
6. Hy het 'n prent van haar geteken en gehoop (haar eendag wel ontmoet) en
7. hy wil dit vir haar as (present/persent) gee.
8. (Hierdie afspraak volgens Pieter, was aangenaam.)
9. ("Ek het nog nooit so gestres nie," sê hy.)
10. (Die afspraak het goed verloop. Hy hoop hulle kan dit weer doen.)
11. Sy hou baie van die prentjie wat hy vir haar gegee het.
12. "Jozanne stem saam dat die afspraak baie (aangenaam) was.
13. Sy sê: ("Ons albei is baie senuweeagtig,)
14. maar ons het lekker gesels en (sy/hy) is 'n baie gawe en opregte ou."

Sy sê sy weet nie of daar dalk 'n verhouding vir hulle voorlê nie. "In dié stadium kan ons nie meer as vriende wees nie, want daar is nog goed wat ek moet uitsorteer.

[Verwerk uit *Beeld*, 5 Mei 2015]

5.1 Gee EEN WOORD vir die woord tussen hakies.

Ons hoor min van blinde afsprake wat uitwerk, maar daar is tog (**elke dag**) stories van sukses. (1)



LIVEWORKSHEETS

5.2 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

"Die meisie wat hy geteken het, is "(**mooi**) in die regte lewe as op foto's." (1)

5.3 Gee die korrekte vorm van die TELWOORD tussen hakies.

Só sê Pieter van der Merwe nadat hy en Jozanne Maritz verlede Woensdag op hul (**een**) afspraak in Stellenbosch was. (1)

5.4 Gee die korrekte VERLEDE DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Daar het hulle heerlike vars (**bak**) brood geëet en Mochaccino gedrink (1)

5.5 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Pieter het Jozanne se foto op Instagram gesien. (1)

5.6 Herskryf die sin oor en skryf die deel tussen hakies in die INFINITIEF.

Hy het 'n prent van haar geteken en gehoop (**haar eendag wel ontmoet**)

Begin so: Hy het 'n skets van haar gemaak en gehoop ... (1)

5.7 Kies die KORREKTE SPELLING.

Hy wil dit vir haar as (**present/persent**) gee. (1)

5.8 Herskryf die sin en voeg die ontbrekende LEESTEKEN in.

Hierdie afspraak volgens Pieter, was aangenaam. (1)

5.9 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

"Ek het nog nooit so gestres nie," sê hy. (1)

5.10 Verbind die volgende twee sinne met die VOEGWOORD **daarom.**

Die afspraak het goed verloop. Hy hoop hulle kan dit weer doen. (1)

5.11 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Sy hou baie van die prentjie wat hy vir haar gegee het. (1)



LIVEWORKSHEETS

5.12 Kies die SINONIEM vir die woord **aangenaam**.

Jozanne stem saam dat die afspraak baie (**gesellig**/**horribaal**) was. (1)

5.13 Herskryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Ons albei is baie senuweeagtig. (1)

5.14 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD in die volgende sin.

Sy sê: "Ons albei is baie senuweeagtig, maar ons het lekker gesels en (**sy**/**hy**) is 'n baie gawe en opregte ou." (1)

**TEKS G: PRENT**




[Bron: https://bit.ly/2TvFmJL.]

5.15 5.15.1 Vul die ONTBREKENDE WOORD in:

Die seun het 'n ... op sy skoot? (1)

5.15.2 Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.

Die pa het 'n (**koerant**/**nuuspapier**) onder sy arm. (1)



LIVEWORKSHEETS

5.15.3 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in:

Die hond staan ... die pa. (1)

5.15.4 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies:

Die man en vrou is die seun se **(pa en ma)**. (1)

5.15.5 Verbeter die WOORDORDE van die volgende sin. Herskryf die sin volledig uit:

Die seun lê (op sy bed) (heerlik) (vandag) om musiek te luister. (1)

5.15.6 Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.

Daar lê (**tekkies/takkies**) op die matjie voor sy bed. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

LIVEWORKSHEETS